

24 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 44:1-34

Die loutering bring verandering

Benjamin is ook deur Jakob voorgetrek, net soos hy destyds met Josef gemaak het. Met die ete wat Josef vir sy broers gegee het, het hy vir Benjamin vyf keer meer gegee as vir die ander. Die broers draai egter nie in jaloesie teen Benjamin soos hulle destyds met Josef gedoen het nie. Toe Josef se beker in Benjamin se sak gevind word, draai hulle saam met hom om. Dit is hoe tyd, die lyding van ander (Jakob) en die druk van omstandighede gesindhede kan verander.

Die broers se totale ommekeer is duidelik in Juda se optrede. Hy, wat vir Josef as 'n slaaf verkoop het, is nou bereid om in Benjamin se plek 'n slaaf te word. Wanneer God 'n mens verander, ervaar jy iets van Christus se gesindheid, naamlik om jousef op te offer. Ook Josef het verander: van 'n verwaande witbroodjie tot 'n vername man met groot verantwoordelikhede. Ook by hom lei die verandering tot iets van Christus se gesindheid, naamlik om hulle te vergewe. Die Josefverhaal sê: mense kan verander. 'n Mens mag iemand nooit afskryf nie. Ook moet die krag van lyding nooit onderskat word nie.

Christus het vir ons gesterf, ondanks wie en wat ons is. Daardeur het Hy ons in 'n nuwe verhouding met Hom geplaas. In dié verhouding los Hy ons egter nie soos ons is nie. Op 'n verborge manier bly Hy met ons besig om ons te verander en geestelik te laat groei.

Sing: Psalm 119:25

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)